
**Deur President Thomas S. Monson**



# "Soos Ek Julle Liefgehad Het"

'n Paar jaar gelede het 'n vriend, genaamd Louis, vir my die storie vertel van sy sagmoedige, sagsprekende moeder. Toe sy oorlede is, het sy nie vir haar seuns en dogters 'n fortuin in geld agtergelaat nie, maar eerder 'n erfenis van groot waarde in voorbeeld, opoffering en gehoorsaamheid.

Na die begrafnislofredes gegee is en die hartseer optog na die begraafplaas gemaak is, het die volwassenes in die familie die paar besittings wat hulle moeder agtergelaat het, uitgesorteer. Onder hulle het Louis 'n nota en 'n sleutel gekry. Die nota het hierdie instruksie bevat: "In die hoekslaapkamer, in die onderste laai van my spieëltafel, is 'n klein boksie. Dit bevat die skatte van my hart. Hierdie sleutel sal die boksie oopsluit."

Almal het gewonder wat hulle moeder gehad het wat so waardevol was dat sy dit agter slot en sleutel geplaas het.

Die boksie is vanuit sy rusplekkie verwyder en versigtig oopgemaak met behulp van die sleutel. Soos wat Louis en die ander die inhoud van die boksie bestudeer het, het hulle 'n individuele foto van elke kind gevind, met die kind se naam en geboortedatum. Louis het toe 'n handgemaakte valentynskaartjie uitgetrek. In eenvoudige kinderlike handskrif, wat hy as sy eie erken het, het hy die woorde gelees wat hy 60 jaar vantevore geskryf het: "Liewe Moeder, Ek is lief vir jou."

Harte was teer, stemme sag en oë klam. Moeder se skatte was haar ewige familie. Die krag daarvan het gerus op die rotsbodemfondasie van "Ek is lief vir jou."

In vandag se wêreld is daardie rotsbodemfondasie van liefde nêrens meer nodig as in die huis nie. En nêrens behoort die wêreld 'n beter voorbeeld van daardie fondasie te sien as in die huise van Heiliges van die Laaste Dae nie wat liefde die hart van hulle familielewe gemaak het.

Aan diegene van ons wat voorgee om dissipels van die Verlosser Jesus Christus te wees, het Hy hierdie verreikende instruksie gegee:

"'n Nuwe gebod gee Ek julle, dat julle mekaar moet liefhê; soos Ek julle liefgehad het, moet julle ook mekaar liefhê.

"Hieraan sal almal weet dat julle my dissipels is, as julle liefde onder mekaar het."[1]

As ons die gebod om mekaar lief te hê wil gehoorsaam, moet ons ander met teerheid en respek behandel, en liefde in ons daaglikse interaksies toon. Liefde gee 'n vriendelike woord, 'n geduldige antwoord, 'n selflose daad, 'n oor wat verstaan en 'n hart wat vergewe. In al ons verbintenisse sal hierdie en ander soortgelyke dade help om die liefde in ons harte duidelik te maak.

President Gordon B. Hinckley (1910–2008) het opgemerk: "Liefde . . . is die pot goud aan die einde van die reënboog. Tog is dit meer as net die einde van die reënboog. Liefde is aan die begin ook, en daaruit ontstaan die skoonheid wat die hemel oorkoepel op 'n stormagtige dag. Liefde is die sekuriteit waarvoor kinders ween, die begeerte van jeug, die gom wat huwelike aanmekaar hou en die smeermiddel wat

verwoestende wrywing in die huis verhoed; dit is die vrede van ons goue jare, die sonlig van hoop wat deur die dood straal. Hoe ryk is diegene wat dit geniet in hulle verbintenisse met familie, vriende, kerk en bure."[2]

Liefde die ware kern van die evangelie, die adellikste eienskap van die menslike siel. Liefde is die medisyne vir sukkelende families, siek gemeenskappe en nasies. Liefde is 'n glimlag, 'n wuif, 'n vriendelike aanmerking, en 'n kompliment. Liefde is opoffering, diens en selfloosheid.

Mans, wees lief vir julle vroue. Behandel hulle met waardigheid en waardering. Susters, wees lief vir julle mans. Behandel hulle met eer en aanmoediging.

Ouers, wees lief vir julle kinders. Bid vir hulle, leer hulle en getuig aan hulle. Kinders, wees lief vir julle ouers. Toon hulle respek, dankbaarheid en gehoorsaamheid.

Sonder die suiwer liefde van Christus, sê Mormon, "Is [ons] niks."[3] My gebed is dat ons Mormon se raad sal volg en tot "die Vader sal bid met al die energie van [ons] harte, dat [ons] vervul mag word met hierdie liefde, wat Hy gegee het aan almal wat ware volgelinge is van Sy Seun, Jesus Christus; sodat [ons] die seuns van God mag word; sodat wanneer Hy sal verskyn, ons soos Hy sal wees."[4]

**NOTAS**

1. Johannes 13:34–35.
2. Gordon B. Hinckley, "En die Grootste van Hierdie Is Liefde," *Ensign,* Maart 1984, 3.
3. Moroni 7:46; sien ook vers 44.
4. Moroni 7:48.

---

**ONDERRIG UIT HIERDIE BOODSKAP**

President Monson leer ons hoe belangrik dit is om ware Christelike liefde te demonstreer, veral in die huis. Oorweeg dit om diegene wat jy besoek, te vra om as 'n familie bymekaar te kom en maniere te bespreek hoe hulle meer liefde aan mekaar kan toon. Jy mag hulle aanmoedig om een van hierdie idees te kies en 'n plan te maak van hoe hulle as 'n familie hierdie doel kan bereik. Byvoorbeeld, familielede mag dalk vir geleenthede soek om elke week 'n geheime daad van diens vir 'n ander familielid te doen. Jy mag hulle dalk vra om later daaroor na te dink oor hoe hulle strewe na hierdie doel, die liefde in hulle huis vermeerder het.

## JEUG

## Bid vir Vrede

Deur Sarah T.

My ouers het dikwels vergaderings ná kerk bygewoon, en ek het na my drie jonger boeties gekyk en hulle gehelp om middagete te maak—al was hulle dikwels kort van humeur en honger. Ek kon gewoonlik die klein probleme vinnig oplos wanneer hulle begin baklei het. Maar soms was dit moeilik om vrede te herstel as hulle eers begin baklei het, omdat ek geïrriteerd was.

Een middag het my broers in besonder gesukkel om oor die weg te kom. Ek het gevind dat al my pogings om vrede te herstel, dinge net erger gemaak het omdat ek self ontsteld was. Ek het uiteindelik net my eie middagete gemaak en opgehou praat. Ek het uiteindelik aangekondig: "Ek gaan bid. Kan ons asseblief vir 'n minuut stil wees?" Nadat hulle gekalmeer het, het ek vir 'n seëning oor die kos gevra. Voor ek die gebed geëindig het, het ek bygevoeg, "En help ons asseblief om vredemakers te wees."

Eers het dit geblyk asof hulle dit nie gehoor het nie en hulle het weer begin baklei. Ek was kwaad, maar het geweet ek moes so liefdevol en kalm as moontlik wees, omdat ek nou net vir vrede gebid het. Na 'n minuut het ek begin kalm voel. Ek het geëet sonder om enigiets te sê en die seuns het uiteindelik ophou baklei. Ek het besef dat die vrede wat ek gevoel het, 'n antwoord op 'n eenvoudige gebed was. Ek het gebid om 'n vredemaker te wees en my Hemelse Vader het my gehelp om kalm te bly, selfs wanneer dit so maklik sou gewees het om te skree. Ek weet dat Hy waarlik aan ons vrede kan gee.

*Die skrywer woon in Arizona, VSA.*

## KINDERS

## Ware Skatte

President Monson vertel 'n storie van 'n moeder wat 'n spesiale skatkis gehad het. Toe haar kinders die boksie oopgemaak het, het hulle foto's van hulself daarin gevind. Die moeder se skatte was haar familie!

Ware skatte is nie goud of juwele nie—dit is die mense wie jy liefhet. Wie het jy lief? Teken 'n skatkis met 'n prentjie van hulle of hulle name binne in die kis.

© 2017 deur Intellectual Reserve, Inc. Alle regte voorbehou. Gepubliseer in die VSA. Engelse goedkeuring: 6/16. Vertalingsgoedkeuring: 6/16.
Vertaling van *First Presidency Message, February 2017*. Afrikaans. 97922 501

# Christus se Versoening Is 'n Bewys van God se Liefde

*Bestudeer hierdie materiaal biddend en vra om inspirasie om te weet wat om te deel.*

**Geloof, Familie, Verligting**

Wanneer ons verstaan dat ons Hemelse Vader Sy Eniggebore Seun gegee het sodat ons onsterflikheid en die potensiaal vir ewige lewe mag ontvang, help dit ons om God se oneindige en onbegryplike liefde vir ons te verstaan. Ons Verlosser het ons ook lief.

"Wie sal ons skei van die liefde van Christus? . . .

"Want ek is versekerd, dat geen dood of lewe of engele of owerhede of magte of teenwoordige of toekomende dinge,

"Of hoogte of diepte of enige ander skepsel ons sal kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus, onse Here is nie" (Romeine 8:35, 38-39).

Ouderling D. Todd Christofferson van die Kworum van die Twaalf Apostels het van Jesus Christus se versoening gesê: "Die Verlosser se lyding in Getsémané en Sy pyniging op die kruis verlos ons van sonde deur die eise wat geregtigheid op ons gelas het, tevrede te stel. Hy strek genade uit en vergewe diegene wat bekeer. Die Versoening van Jesus Christus stel ook die skuld wat geregtigheid op ons las tevrede, deur ons te genees en te vergoed vir enige lyding wat ons onskuldig verduur. 'Want kyk, Hy ly die pyne van alle mense, ja, die pyne van elke lewende skepsel, beide manne, vroue en kinders, wat behoort aan die geslag van Adam' (2 Nephi 9:21; sien ook Alma 7:11–12)."[1]

Christus het ons op die palms van [Sy] hande gegraveer" (Jesaja 49:16). Linda K. Burton, Verligtingsvereniging, Algemene President het gesê: "Daardie hoogste daad van liefde behoort ons elkeen na ons knieë te stuur in nederige gebed om ons Hemelse Vader te bedank vir Sy liefde vir ons, wat genoeg was dat Hy Sy Eniggebore en perfekte Seun gestuur het om te ly vir ons sondes, ons hartseer, en alles wat onregverdig blyk in ons individuele lewens."[2]

### *Addisionele Skrifture en Inligting*

Johannes 3:16; 2 Nefi 2:6–7, 9; *reliefsociety.lds.org*

**NOTAS**

1. D. Todd Christofferson, "Verlossing" *Liahona,* Mei 2013, 110.
2. Linda K. Burton, " Is Geloof in die Versoening van Jesus Christus in Ons Harte Geskryf?" *Liahona,* Nov. 2012, 114.

### *Ter Oorweging*

Hoe kan ons ons dankbaarheid en liefde aan God en aan Jesus Christus bewys vir die gawe van ons Verlosser se Versoening?

© 2017 deur Intellectual Reserve, Inc. Alle regte voorbehou. Gepubliseer in die VSA. Engelse goedkeuring: 6/16. Vertalingsgoedkeuring: 6/16.
Vertaling van *Visiting Teaching Message, February 2017*. Afrikaans. 97922 501